RAADSBELEID

ONDERWERP : PARKEERVRYSTELLING

VERWYSING : 17.3.6.1.R

BESLUIT NR : 16.6/10/2004 DATUM : 25 Oktober 2004

BELEIDSOOGMERK : Om parkeervrystelling te reguleer sodat dit in 'n geordende wyse geskied.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad besef die behoefte van parkeervrystelling aan die geneeskundige beroep ten einde 'n diens aan die gemeenskap te lewer.

RIGLYNE
1. Ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), Oorgangsregulasie 343B, artikel 133 van die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989) kan 'n Plaaslike Owerheid verordeninge uitvaardig.

2. Die Raad bied parkeervrystelling aan Geneeshere, Geregistreerde Verpleegkundiges en vroedvroue, volgens Artikel 9 van die Raad se Verordening insake Parkeermeters en Parkeerplekke, PK. 152 van 1993.

PROSEDURE
1. 'n Skriftelike aansoek, op die voorgeskrewe vorm en teen die voorgeskrewe tarief, moet by die Verkeerskantore ingedien word.

2. Die persone, in paragraaf 2 van die riglyne gemeld, kwalifiseer vir hoogstens twee parkeervrystellingstekens per individu.

3. Parkeervrystelling is jaarliks hernubaar.

4. Die oordrag, misbruik en diefstal daarvan moet onmiddellik aan die Verkeersafdeling gerapporteer word.

ROLLE
Die Afdeling Verkeersdienste.

VERWANTE BELEID
1. Die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996)

2. Verordening insake Parkeermeters en Parkeerplekke.

3. Vrystelling van parkering vir gestremde persone.

HERROEPING/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.